Die Bredasdorper

20 September 2024 Term 3

# NOG NIE ONS BEURT NIE


**Minke Terblanche**



BigBrag 2024

Op 17 Augustus 2024 het almal se gunstelingsportgeleentheid van die jaar plaasgevind. Die Saterdag mag dalk as die “groot-dag” bekend staan, maar daar is al heeljaar opgebou na hierdie dag. Die somersport het al vroeg in die jaar die bal aan die rol gesit om ook te kan bydra tot die puntebord. Na afloop van die krieket, tennis en gholf, was HSB agter met 2 punte.

Die week voor Interskole het die BD’s voluit gegaan. Daar was elke dag ‘n tema waarvolgens elke leerder kon aantrek. Die week het begin met ‘n pajama-dag wat dit darem ‘n bietjie makliker gemaak het om op ‘n Maandag skool toe te kom. Vrydag was die optog en die BD’s het daarna deur die dorp gestap en ‘n besoek by Laerskool Bredasdorp afgelê.Dit was beslis iets wat die groot en klein BD’s sal onthou. Na almal se terugkeer by die skool, het die Big Brag begin. Dit was bietjie anders as gewoonlik, met ons vier 1ste spankapteins wat dit aangebied het. Hulle het gesorg vir groot vermaak en ons BD’s was daarna vol gees en reg vir die groot dag wat voorlê.




Kyle Willeman, Kaptein van die eerste rugbyspan, tydens hul seremonie.




Minke Terblanche, kaptein van die eerste dogtershokkiespan, tydens hul seremonie saam met mnr. Retief.

Tydens die week was daar ook die jaarlikse bekendstellingsfunkie by Nampo Park, sowel as ‘n spanbousessie vir al die eerstespanne en hul afrigters by die rolbalklub. Almal het hulle gate uit geniet.

Die sportdag het op ‘n ysige Montagu afgeskop. Al die spanne het voluit gespeel en gesorg vir pragtige vertonings. Die eerste hokkieseunspan was die eerste van die vier eerstespanne om die veld aan te durf. Montagu het die eerste doel aangeteken, maar ons seuns was daarna net meer gemotiveerd en het ook ‘n doel aangeteken. Die wedstryd het 1 elk gelykop geëindig. Die eerste hokkiemeisiespan het net daarna hul verskyning gemaak. Hul wedstryd was omtrent ‘n spieëlbeeld van die seuns se wedstryd. Montagu het ook die eerste doel aangeteken en BD’s weer kort daarna. Net soos in die seuns se wedstryd was daar talle strafhoekies. Hulle het ook 1 elk gelykop geëindig. Tydens die vorige interskole op Montagu, twee jaar gelede, het hierdie twee spanne ook dieselfde telling gehad (2-1 vir die meisies en 2-1 vir die seuns).

Ons eerstespan netbalmeisies het in die gevreesde Montagu-“quad” gespeel. Hulle het ‘n stresvolle wedstryd gehad met die telling wat soms in Montagu se guns was, maar hulle het mooi vasgebyt en die wedstryd gewen.

Die groot wedstryd van die dag het omtrent ondersteuners gelok. Hierdie sou HSB se kans wees om Montagu se wen-rekord uiteindelik te breek na ons span verlede jaar na ‘n ongelooflike wedstryd net-net verloor het. Die eerstespan rugbyseuns was gefokus en het reg vir aksie uit die gedraf. Die pawiljoen was gepak met leerders wat uit volle bors die kreet gesing het. Die wedstryd was skaars aan die gang, toe HSB die eerste drie druk. Dit was ‘n wedstryd met talle pragdrieë drieë en ons is ongelooflik trots op ons spelers. Montagu het ongelukkig naby aan die einde van die wedstryd die oorhand gekry en weereens net-net gewen.

Montagu het ongelukkig die interskolebeker vir eers by hulle gehou, maar ons weet elke BD gaan hard werk sodat ons die volgende jaar die beker huis toe kan bring. Hierdie jaar was nog nie ons beurt nie, maar ons kyk met groot oë na 2025.



Somé Louw, kaptein van die eerste netbalspan tydens hul wedstryd.

# A WINTER WONDERLAND

**Tanya van der Mescht**




“The air is blue and keen and cold and in a frozen sheath enrolled. Each branch, each twig, each blade of grass seems clad miraculously with glass.”

A few weeks prior to the winter ball a few lucky BD`s secured their seats and marked their calendars for the 8th of August. Upon arrival one could see boys in their best suits and ties with perfectly polished shoes and girls in floor length dresses with makeup done to perfection.

The learners were met by mirror balls, mysterious trees, lights, polaroid cameras and an unrecognisable school hall. Between the buzz of conversation and the inviting music the learners took in their seats, and the night was kicked off with a gourmet meal.

With new energy the learners went on to the dance floor where they danced the night away. After a haze of swirling skirts, deep dips and dashing dancers the night soon came to an end before the clock struck 10.

Many memories were made. As photos captured 1000 words most would say that the 8th of August 2024 was a night to remember.



# KULTUUR EN GEMEENSKAP

**Suzanne Pretorius**




Bedrywig. Dit is amper ‘n eufemisme vir wat tans agter die skerms by HSB se ATKV-klub plaasvind. Ons is nie verniet die Byekorf-tak gedoop nie; ons is immers besige bytjies. Die gewemel en woel is met rede, aangesien daar baie opwindende en innoverende projekte vir ons skool en gemeenskap op die horison wink.

Ek het al menige kere die vraag gehoor: “Wat doen die ATKV nou eintlik?” Om die waarheid te vertel, ek het tot verlede jaar sélf nie geweet nie. Onder leiding van Amanda Gouws - hoofmeisie en ATKV voorsitter van 2023 - kon ek eerstehands ervaar hoe die ATKV ‘n verskil maak in die lewens van die mense rondom ons. Ons fokus op projekte wat geesbou inlsluit, gemeenskapsverbintenisse vorm en ‘n positewe bydrae of verandering in jou omgewing maak. Byvoorbeeld, hierdie kwartaal fokus ons op gemeenskapsbevordering, waar ons sop en broodjes in die dorp gaan uitdeel vir minderbevoorregtes.

Na afloop van die landswye ATKV algemene-jaarvergadering wat ek die groot voorreg gehad het om by te woon, kon daar nuwe idees, inspirasie en motivering teruggeploeg word in die skool se eie kultuurklub. Planne vir maandelikse gedigte aande - insluitend items soos “Slam Poetry” - talentkompetisies, handevat-projekte met ons suster-skole en vele ander projekte wat nog in die pyplyn is. Elke projek het ‘n afsonderlike doel, maar alle projekte is bedoel om die wêreld om ons net so ‘n bietjie beter te maak.

Ek hoop julle is opgewonde vir dít wat voorlê en as jy sou belangstel om aan te sluit by die ATKV; ons vergader byna elke Donderdag in juffrou Schoeman se klas.

Ons enigste werklike bron van krag lê in ons vermoë om dinge te verander. So ek daag jou uit: Kom vandag en wéés die verandering, want niks gaan verander as ONS dit nie verander nie.

# A WALK DOWN MEMORY LANE

**Gareth Eyles**

Hey, everyone! So, the Matric Council election at Bredasdorp High School just wrapped up, and let me tell you, it was an absolute blast! This year's election wasn't your usual run-of-the-mill elections, oh no, we took it to a whole new level with a theme that brought out the kid in all of us: "Favourite Childhood Toy or Character."

Imagine this: the entire school gathered in the assembly hall, buzzing with excitement, and then outcome the candidates, not in their regular school uniforms, but dressed as their favourite childhood characters! It was like a real-life throwback to all the things we loved as kids. From superheroes to classic toys, the stage was filled with all the icons of our childhood.

And guess what? Yours truly was one of those candidates! I can't even begin to describe how crazy it was to stand up there, dressed as my favourite character, Winnie the Pooh, trying to convince everyone that I'm the right person to lead Bredasdorp High into the future. It was a mix of fun, nostalgia, and some seriously heartfelt moments.

Each candidate had to give their speech dressed as their character. Picture this, someone dressed as Winnie the Pooh talking about bringing kindness and warmth to the school, or a superhero explaining how they'll fight for fairness and justice in the hallways. It wasn't just about the costumes (though they were awesome); it was about connecting with the things that made us who we are today.

As a Grade 11 student, I've now seen a few elections, but this one was something special. It wasn't just about who had the best ideas (though there were plenty of great ones); it was about reminding everyone of the values we learned from our favourite toys and characters. Standing up there, I felt a deep connection to the memories we all share.

After all the laughs, cheers, and even a few tears, it was time to vote. The whole school was buzzing with excitement, and you could feel the suspense in the air. Who's going to be the next Matric Council? Who's going to lead us into the future? We're all on the edge of our seats, waiting for the results to be announced.

So, here we are, just waiting. The votes are in, and the anticipation is killing us. Who will take the crown this year? Who will guide Bredasdorp High into a new chapter? We'll find out soon, but until then, let's hold onto the memories of a day that brought us all back to the good old days.

And hey, no matter what happens, this election has already left its mark. It reminded us of who we were, who we are, and who we can be. Until next time, keep dreaming big and remembering the heroes of your childhood!

# SCRUM, PASS, KICK!

**Jualique Rautenbach**




Our BD's participated in the Interschools against Montagu that took place on the 17th of August. The tension had been built up weeks prior to "the day". Montagu is one of our biggest rivals, but the BD's were prepared for what Montagu threw at us. It was an action-packed day filled with high spirits… but also an emotional day for the matriculants, seeing how this was their last game of their high school careers.

The results for the rugby were as follows:

o.19 A
26-34 for Montagu
o.19 C
10-10 draw
o.15 A
12-7 for Bredasdorp

o.19 B
17-25 for Montagu
o.16 A
31-14 for Bredasdorp

The recent rugby games showcased our teams' remarkable spirits and skills. Despite the challenges faced, their determination and tactical skills shone through, making the matches a memorable display of sportsmanship and resilience. These games not only highlighted the players' growth, but also strengthened our school's sense of community and pride. Looking ahead, the teams' performance serves as an inspiring example of what can be achieved through hard work and unity.

We are unbelievably proud of our BD's.




Ultimate teamwork in action: fighting our way to victory!




Pass!

# OVERBERG OP TWEE WIELE!

**Minke du Toit**



Op die oggend van 28 April 2024 het 13 van ons leerders en ‘n paar volwassenes, insluitend Meneer JP Terblanche, op die jaarlikse HSB fietstoer vertrek. Die vertrekpunt was by die pragtige Raka Wyne wat naby Van Brakel stoor geleë is. Op die eertse dag van die toer was daar vele pap wiele en ‘n stukkende ketting of twee, maar niks wat nie herstel kon word nie. Die leerders het sommer gou ‘n paar wenke opgetel oor hoe om hierdie probleme langs die pad op te los – iets wat hulle vir altyd sal kan gebruik.

Die groep het op dag een ‘n totaal van 50 kilometer afgelê oor min of meer 4 ure op die agter grondpaaie van die Caledon omgewing. Hulle het net na middag by Middelplaas gearriveer, wat naby Greyton geleë is. Die groep was baie dankbaar vir Oom Jan en Tannie Liezel Viljoen wat die groep met ope arms by hul huis verwelkom het. Daardie aand het die leerders in ‘n ou skoolsaal op die plaas oorgebly.

29 April was die lang rit van Middelplaas tot by Rûens Kollege waar die span bevoorreg was om in hul luukse koshuis vir die aand oornag.Die groep het vroegoggend weggespring met die mis wat nog dik in die lug hang en hulle het die kans gekry om die pragtige klein dorpie van Greyton se strate deur te toer. Die res van hulle roete was weer uit stowwerige grondpaaie opgemaak en na 80 kilometer se fietsry het hulle uiteindelik by Rûens Kollege aangekom.

30 April was die derde dag of beter bekend as “bulte dag”. Almal se lywe was seer en die spiere was moeg, maar die BD – gees het hoog geloop. Al was hierdie dag nie die verste afstand nie, was dit die mees uitdagende 50 kilometer van die toer.

Daar was aanvanklik gereël dat hulle by Vadersberg kampterrein naby Napier sou kamp, maar daar het egter ‘n groot veldbrand uitgebreek. Terwyl almal by De Skaap restaurant met ‘n vol maag gelê en middagslapies vat in die son, het Meneer JP ‘n vinninge plan vir verblyf gemaak. Die groep het toe rigting ingeslaan na Akkersdrift, ‘n plaas naby Elim, waar die leerders die aand by De Kleine Akker gekamp het. Ons wil net dankie sê aan Tannie Marietjie Swart wat op kort kennisgewing ons almal daar by hulle kampterrein verwelkom het. Die derde dag was beslis die dag wat almal se uithouvermoë en aanpasbaarheid getoets het.

31 April het almal met die eindstreep in sig weggetrek. Die groep het huiswaarts gedraai - teerpad langs vanaf Elim terug na Bredasdorp toe. Na 60 kilometer het die leerders by Soetmuisberg kafee gearriveer waar van HSB se leerders hulle met verwelkomend ingewag het.

Ons wil net vir Meneer JP dankie sê vir al die reëlings wat hy getref het en die moeite wat hy ingesit het om hierdie ‘n hoogtepunt te maak vir al die kinders wat saam gegaan het op die toer. 240km se fietstrap maak jou as ‘n fietsryer nederig! Dan wil ons ook dankie sê aan oom Barend Smit wat die roetes uitgelê het en Tannie Louise Smit wat die “backup” voertuig gery het en vir die leerders gesorg het. Op nog vele sulke BD-fietstoere in die toekoms!



# WAT IS PNEUMATICS?

**Jadene Laing**



Op 23 Julie 2024 het ons as Hoërskool Bredasdorp die voorreg gehad om vir Pneumatics te ontmoet.
 Lede van die PNX saam met van ons leerders.
Pneumatics is ń geestelike gebasserde studente groep wat saam met die leiers op ń kreatiewe wyse die woord van God verkondig.Die kampus is in Strand geleë.
Leerders regoor Suid-Afrika sluit by die groep aan .Saam verken hulle mekaar se foute , talente en karaktereienskappe.





Pneumatics se groot doel is om nuwe generasies op te lei wat uitgaan en ń werklike verskil in die gemeenskap maak.Hulle stel jou  as jongmens instaat om jouself te vind en om die magtige leiers van môre te word.
Dit is ń daaglikse avontuur om deel te wees van die Pneumatics familie.Daagliks ontmoet jy nuwe mense en sien plekke wat jy nog nooit gesien het nie.Jy leef saam met diverse mense op die kampus en dit is asof jy jou verlore broers en susters ontmoet.
Die groep het baie met ons leerders verbind en ń groot impak op hulle gemaak.
So dames en here as jy ń bietjie onseker is oor jou pad na skool of as jy net die wêreld na hoërskool vir verken , is Pneumatics die perfekte plek om te wees.
Volg hulle by:www.PNXGLOBAL.com vir verdere inligting.
Dit was niks meer as ń voorreg om julle te ontmoet nie.Tot volgende keer weer.

# SOMETHING IS THEATRICAL IN THE STATE OF CAPE TOWN

**Somé Louw**

On July 23rd the grade 12 English Home language learners had the privilege to watch the world-renowned Hamlet play at the Artscape. The learners are studying this Shakespearian play as one of their literature books that they will be assessed on for their NSC examinations. The trip to Cape Town was planned as revision for the matrics to be able to envision and interpret the work that they have studied earlier in the year.



Cape Town harbour where matrics could enjoy some free time

It was an eye-opening experience to see the words be embodied by professional actors, the way Shakespeare intended his work to be enjoyed. After this educational experience, the newly proclaimed tourists travelled further into the breathtaking Cape Town to visit the Waterfront, where they strolled around the promenade, ate delicious food and experienced the lively atmosphere of the harbour. The day was finished off by a visit to the Two Oceans Aquarium, where the learners were greeted by clown fish, octopuses, anemones, stingrays and sharks.




Two Oceans Aquariums with cute penguins



Matrics at the Artscape



Beautiful Cape Town views

They were lucky enough to visit this famous attraction during feeding time where some learners were chosen to throw the feed, namely squid on this particular day, into the large tanks. The other learners got to experience the feeding frenzy from below. The bus safely returned home as the culturally-embroadened, exhausted learners made ever-lasting memories.

# SPEK-EN-EIERS BY 'N MATRIEKONTBYT-KUIER

**Somé Louw**



Op Vrydag, 23 Augustus, was ons graad 12-leerders bederf met 'n spesiale matriekontbyt op hulle laaste volle skooldag voor hulle die rekordeksamen aanpak. Die spoggeleentheid is 'n ordentlike bederf waarna die matrieks jaarliks uitsien. Die wit tafeldoeke en blink eetgerei was stylvol op die tafels uitgestal waar om die leerders met hulle voogonderwysers kon terugdink aan hulle hoërskoolherinneringe en wenke kry oor hoe om die hewige eksamens wat voorlê, aan te pak.



Matrieks geniet heerlike ontbyt




"Just Dance"-groep slaan asems weg

Die bederf was deur die towervingers van die graadhoof, Juffrou Olivier, aanmekaar geweef. Meneer Kriel het die oggend geopen met die pragtige woord van die diversiële en veeleisende druiwekorrels in hierdie matriek-tros. 'n Oudleerling, Zandi Ngcaba, wat in 2018 gematrikuleer het by HSB, was die gasspreker wat wyse wenke met ons matrieks gedeel het en hulle geïnspireer het om hulle drome te volg. Meneer Marlon Olivier se "Just Dance"-dansgroep het ook 'n uitmuntende hip hop dans aan die matrieks vertoon. Daarna kon die matrieks 'n heerlike spek-en-eier breakfast bun geniet, voor hulle terug agter die boeke inval. Dit was voorwaar 'n voorreg om só bederf te word.

# JONG PIANIS MET ‘N BLINK TOEKOMS

**Hilke Swanepoel**



Ons is baie trots op Helena Kriel wat die jaarlikse Stellenbosch Internasionale Kamermusiek Fees vanaf 5 tot 14 Julie bygewoon het.Die fees bied vir beide plaaslike asook internasionale musiek studente die geleentheid om hulle talente te wys asook om hulle vaardighede te verbeter. Daar was ongeveer 300 deelnemers tussen die ouderdomme van 12 en 28, wat in verskillende groepe verdeel is. Hulle kry 'n repetorium waarop hulle afrigting ontvang van ervare Suid-Afrikaanse en internasionale kamermusiekkenners. Helena het daagliks afrigting ontvang van verskeie kenners, onder andere Maja Bogdanovic, Xandi van Dijk en Nina Schumann. Sy het in twee student konserte gespeel waarvan die een n trio en die ander twee klaviere was. Die geleentheid was een wat Helena nooit sal vergeet nie en baie deure vir haar toekoms verder geopen het.





# BD’S SPEEL HUL HARTE UIT OP DIE NETBALBAAN

**Mieke Saayman**

Wat is jou idee van ’n perfekte vakansie? ’n Vakansie op ’n warm, tropiese eiland met jou tone in die sand en ’n yskoue drankie in jou hand, of verkies jy om jou vakansie in ’n tent in ‘n kampterrein deur te bring? Dalk ry jy eerder met Jan Tuisbly se karretjie.

Vir van ons BD-meisies is daar niks beter as ’n vakansie vol verstuite vingers, lang dae en kort nagte, nuwe vriende, hope herinneringe en ongelooflik baie netbal nie!

On the 2nd of July,11 Bredasdorp High School pupils travelled to Swellendam for the Interdistrict Netball Tournament training camp.All the Overberg netball teams, from u/11 all the way through to u/18, attented the training camp. The players got to know each other, as well as their coaches and managers, and they prepared and practiced their game plans.



Nontle Xamlayo and Alicia Mukaratirwa




Die o/17 Cedars

The following BD players took part in the tournament:
u/14 :

Melissa Saayman (captain)
Lindzé Diedericks (vice-captain)
u/15:
Nina Terblanche (captain)
Melo Dlamini (vice-captain)
Zani Neethling
Nanicke Odendaal
Avela Ncolo
u/16:
Mia Swart
Kiara Stevens
u/17:
Mieke Saayman
U/18:
Anina Treurnicht

The tournament took place from 4 to 6 July in Riversdale. Die onderskeie spanne het die volgende prestasies behaal:
o/14: 5de plek
o/15: 5de plek
o/16: 5de plek
o/17: 5de plek
o/18: 6de plek

Juffrou Alicia Odendaal was die afrigter van die o/17 Overberg-span.



Die o/18 Willows




Junicke Newman



Die 11 HSB leerders wat die Overberg streek verteenwoordig het.

Die BD's het egter nie net hul skool in die Wes-Kaap verteenwoordig nie. Vyf van ons leerders pronk hierdie jaar met Wes-Kaap netbalklere. Dit is 'n ongelooflike prestasie!
Alicia Mukaratirwa played for the 0/14 Oaks and Nontle Xamlayo played for the o/15 Cedars. They participated in the All Ages National Tournament at EG Jansen High School in Boksburg from 15 to 19 June. Both of these teams lost only one match during the tournament and these girls won bronze medals!
Junicke Newman het vir die o/17 Cedars gespeel. Sy het die Wes-Kaap span by die Telkom Netball Challenge by Hoërskool Waterkloof vanaf 24 tot 28 Junie verteenwoordig. Die Cedars het in die finaal teen die Dolphins van Kwa-Zulu Natal te staan gekom. Die span het 'n skitterende finaal gespeel en het op die ou end koning oor die Dolphins gekraai. Junicke het met 'n goue medalje om haar nek huis toe teruggekeer.
Somé Louw en Madelein Engel het vir die o/18 Willows gespeel. Juffrou Alicia Odendaal was hulle afrigter. Hulle het, saam met Junicke, Wes-Kaap by die TNC, by Hoërskool Waterkloof, verteenwoordig. Die o/18's het hulle harte uitgespeel. Hierdie span het drie tot vier wedstryde per dag gespeel. Hulle het hulle baie goed van hulle taak gekwyt en 'n 11de plek behaal.
"Winners never quit and quitters never win". – Vince Lombardi.
These girls worked extremely hard, but they played even harder. The thought of quitting never crossed their minds. They didn't just learn lessons on the netball court. They also learned valuable lessons about teamwork, determination and the importance of being able to adapt. These girls made memories that they will cherish forever.
Bredasdorp High School is extremely proud of each one of these girls.

# MEER AS NET 'N UITREIK

## MSINGA - "FAMILIE VIR 'N LEEFTYD"

**Suzanne Pretorius**

Tien dae in die bittere winter van diep Afrika. Elke dag werk jy skouer aan skouer met hierdie besondere mense; elkeen met 'n absolute passie vir gee. Vreemdelinge wat deur die loop van die uitreik jou naaste vertrouelinge word.
Die busrit na Kwazulu-Natal was iets om te beleef, om die minste te sê. Vir 24 uur het ons elf jong-spanlede en omtrent vyf volwassenes agterop 'n klein skaaplorrie gery. Eenduisend-vyfhonderd kilometer op dieselfde reguit stuk pad.
Eenduisend-vyfhonderd kilometer van grappies, Springbok-rugbywedstryde, Noah Kahan-musiek en stories. As jy opsoek is na 'n goeie manier om iemand te leer ken, stel ek so 'n padreis voor. Op daardie bussie het ons het groot drome in die vroeë oggendure gedeel.
Op die Msinga-basis, tussen tent opslaan en moddergevegte, het ons onder mekaar 'n opregte kameraderie gevorm. Ongeag van agtergrond of ouderdom; die bande was onmiskenbaar.



Ons het mekaar leer ken soos nooit tevore nie, want dis een ding om by die skool vriende te wees, maar op Msinga, is dit iets totaal anders. Ons het gehoor dat Kyle skielik opera kan sing as jy 'n hoender naby hom bring, gesien dat Mirrah 'n emmer baie goed op haar kop kan balanseer en dat pienk regtig nie dominee Braam se kleur is nie. Ons het geleer om soos vissies in vlakwater te swem, dat 'n mens dominees se langbroeke kan vries en dat die vinnigste manier om by 'n berg af te kom, is deur te rol.
Ons het ook geleer dat ons nie so anders is van mekaar nie. Dat elkeen van ons sóveel meer het om vir die wêreld te bied as wat ons ooit sou kon raai.





Die ware mooi van die uitreik was egter in dít wat ons kon gee; die liefde wat ons kon uitdeel. Die gevoel is ‘n moeilike een om te beskryf; wanneer jou hart gelyktydig breek om te sien net hoeveel daardie kindertjies jou liefde nodig het maar ook hoe dit oorloop van vreugde wanneer hulle gesiggies na ‘n drukkie ophelder. So dít is wat ons op Msinga gedoen het. Ons het liefgehad. Jy het elke druppeltjie binne jou uitgestort om net ‘n verskil te maak, want die verskil lê nie in jou mooi woorde nie, maar in dít wat jy het om te gee. Dit wat jy dóén en die mense wat jy aanraak. Ons het elke aand soos klippe geslaap, moeg verby, maar vreedsaam. Die dag wat ons uit Msinga vertrek het, was ons harte vol en ons bekers het oorgeloop. Die trane het ook sonder skaamte gerol, want daar is iets wat binne jou gebeur as jy soveel van jouself in ‘n gemeenskap inploeg. Jy raak familie. So, om af te sluit. Dóén dit. Ten minste een keer in jou lewe moet jy ‘n uitreik beleef. Vertrou my, dit gaan die moeite werd wees. En jy weet nooit, dalk vind jy langs die pad jóú mense. ‘n Familie wat ‘n leeftyd sal hou.



# TOTSIENS

Lara du Plessis




Ons moes met swaar harte vir Juffrou Slabbert, beter geken as “Slabbie”, op 16 Augustus totsiens sê. Juffrou was en sal altyd ń groot deel van ons skool bly. Dankie dat Juffrou so groot impak op ons lewens gehad het en dat Juffrou iemand was waarmee ons oor enige iets kon praat.

So baie kinders en onderwysers se lewens sou baie anders gewees het sonder Juffrou en ek dink ek kan namens almal praat as ek sê ons is so dankbaar dat Juffrou in ons lewens ingekom het. Slabbie was nie net ń onderwyser nie, maar ook ń vriendin en ń 2de ma vir so baie leerders.

Dit gaan so vreemd wees om verby Juffrou se klas te loop en Juffrou nie hard aan die werk te sien nie. Dit gaan vreemd wees om op sportdae nie vir Jufrrou naby die netbalbane te sien nie.

Dankie vir alles wat Juffrou vir ons doen. Juffrou het diep in ons harte ingeklim en ons gaan Juffrou so baie mis. Dit is nou tyd vir Juffrou om ń nuwe deel van Juffrou se lewe te begin en ons is so bly vir Juffrou. George is bevoorreg om so goeie mens en onderwyser by te kry. Ons is baie lief vir Juffrou.

Once a BD, always a BD !



# LIEWE KATREIN

Oh my goodness, dis nou al so ’n lang tyd vandat ons ’n bietjie tea gespill het. I know, I know, I’ve been MIA, maar ek het al die juiciest stories gesamel soos ’n arend! Some of it might be a tad old, maar sweetie, dis soos ’n goeie wyn- dit word net beter met tyd! So grab some popcorn, raak gemaklik en laat ons duik in die skandale van kwartaal twee en drie.

Mr Hockey Heartthrob, almal is convinced dat hy hierdie groot player is but here’s the gag: he’s not playing anyone! He’s just not interested en die girlas kan dit net nie hanteer nie. Nou versprei hulle rumors soos ’n veldvuur. Talk about bruised egos!

Maar wag, daar is meer. Sommige mense kan net nie by een flavor hou nie, if you catch my drift. Hulle is hier buite "exploring other options" terwyl hulle nog in verhoudings is. Like, what? Talk about a messy buffet of love. En natuurlik het dit alles opgeblaas tydens daardie welbekende klastoer. Kom ons sê net sommige mense se "pret" was 'n bietjie te voor die hand liggend, en dit het uiteindelik 'n hele verhouding geknou. Oops!

Oh, the drama never ends! So, you know that couple that finally called it quits? Well, rumor has it that one of them is still totally hung up on the other — like, seriously, heartsick. But the other? Couldn’t care less! In fact, they’re apparently going around saying they were just in it for the ride. I mean, ouch, right? But honestly, wie is surprised? Nie ek nie, thats for sure.

Eerlik, dit is net nog 'n kwartaal by HSB, waar die drama nooit slaap nie en ons ook nie - thanks to an unhealthy amount of caffeine and gossip.

Skryf gou terug! Ek het ook al die tea van jou kant af nodig. We’ve got to keep each other entertained, right?

Lots of love,
Meraai